# DIENSNUUS

Ons gee God se hoop en liefde aan




**<u>Sondag 19/2</u>**

Lydensweek begin

09:30 Nagmaal / Kategese

Handjies afdruk in klei na afloop van diens.

Deuroffer: Gemeentebediening

Diensbeurt: Krige

**<u>ASWOENSDAG 22/2</u>**

**<u>Sondag 26/2</u>**

09:30 Erediens/Katefese

Deuroffer: Plaaslike Jeugwerk

Diensbeurt : Konstitusie straat

## Voorbidding

Oom Lambert Badenhorst

Marzel Kershoff

## Dissipelskap vat grond.

Ons as gemeente het vir die laaste vier Sondae ons gedagtes in gebed na God gerig. Ons het sedert 2018 baie teoretiese klem op dissipelskap gelê en dit is wonderlik om die vrug daarvan te sien: Die Kerkraad wat gefokus is en diens doen asook ons nuwe leraar en gemeentekoordineerder wat goed inskakel en vars energie bring, verder is ons lidmate op ‘n goeie plek – ons kan hoop en liefde aangee waar ons omgewing dit nodig het.

In hierdie jaar gaan ons vir 36 Sondae geleenthede ontvang om prakties hoop en liefde aan te gee in die vorm van ‘n enkele koevert wat Sondae uitgedeel word (dit begin Sondag 26 Febr). In elke Sondag se koevert is ‘n geleentheid wat 2 mense saam kan gaan oopmaak en uitvoer. Dit help ons om te dien, te vertrou, rustig te leef en God se hoop en liefde aan te gee. Dit bring ons by die keuse wat ek gaan doen (Jesus volg) of ek gaan voort met my eie plan.



**Ek gaan nie… ek gaan…**
*deur Stephan Joubert*

- In 2023 gaan ek nie my laat beïnvloed deur verbitterdes en hooploses nie. Hoopvolle mense wat die Here ken en dien, gaan my mentors wees. Ek praat van daardie klein groepie gelowiges wat in die taal van Romeine 5 te midde van hooploosheid glo en vasbyt. Ek gaan by hulle leer om dieselfde te doen.
- In 2023 gaan ek nie fokus op alles wat verkeerd is in die wêreld en in die kerk nie. Ek gaan kies om daardie dinge raak te sien wat reg is op God se front.
- In 2023 gaan ek nie ander mense afkraak of uitbuit tot my eie voordeel nie. Gedurig gaan ek die Here vra om my hart sag te maak sodat ek ander mense sal dien en respekteer.
- In 2023 gaan ek nie myself doodjaag na wie weet wat toe nie. Ek gaan elke dag doen wat ek moet doen. Ek gaan elke aand rustig slaap, soos wat Psalm 3 en Psalm 4 my leer om te doen.
- In 2023 gaan ek in die taal van Josua 24:15 kies om die Here te dien saam met my familie. Daarom weet ek by voorbaat dit gaan 'n goeie jaar wees.

Waar gaan jou fokus lê in die jaar? Waar gaan jy hand opsteek om 'n onbekende opdrag te neem en deur die Gees gelei te word tot uitvoering?Die jaar kan ons sê: Ek en my huis gaan die Here dien.

Geniet die reis!
**Groete uit Crassula-pastorie.**

## <u>Wêreld biddag</u>

Ons gaan die jaar vir elke dame en man op hul eie selfoon 'n kort begeleidende boodskap stuur wat gebruik word om saam te bid – daar waar jy is. Die gedagte is dat ons voortbou op ons gebedskultuur en dit nie net aan 'n tyd en plek koppel nie – ons span dus tegnologie in om oor 'n spektrum saam te wees met mede gelowiges oor die aarde heen. Daar is ook by die kerkgebou 'n tyd waar jy net rustig voor God kan kom wees asook by Heidehof.

Hoe werk dit 2023?

6:00 die oggend stuur ons saam met Wes gemeente 'n gebedsboodskap.
Elkeen kan waar hy of sy is tyd by God spandeer.
12:00 is die kerk oop en agtergrond musiek word gespeel – elkeen is welkom om in te kom 'n gebed te doen en 'n kers aan te steek. (hier is dus geleentheid om ook in persoon saam te kom)
Gebedsgeleentheid word ook by Heidehof gehou waar dit oop is vir enige iemand om saam te kom bid om 10:30 by Heidehof.





| | | |
|---|---|---|
| Dirk | Coetzee | 02/17 |
| Aletta | Gunter | 02/17 |
| Shelly-Ann | Milne | 02/17 |
| Ronelle | Niemand | 02/17 |
| Li-Hanke | Pieters | 02/17 |
| Jané | Swart | 02/17 |
| Jannie | Grobbelaar | 02/18 |
| Johanna | Shawe | 02/18 |
| Daniël | Meyer | 02/19 |
| Lika | De Villiers | 02/20 |
| Marlise | Du Toit | 02/20 |
| Auke | Steyn | 02/20 |
| Marcel | Vollgraaff | 02/20 |
| Chadrie | Fourie | 02/21 |
| Coria | Fourie | 02/21 |
| Lize-Mari | Maritz | 02/21 |
| Duncan | Mc Gregor | 02/21 |
| Matty | Pieters | 02/21 |
| Johan | Van der Merwe | 02/21 |
| Rouxan | Badenhorst | 02/22 |
| Deon | De Kock | 02/22 |
| Elmarie | Badenhorst | 02/23 |
| Hannie | Bosman | 02/23 |
| Dourina | Linde | 02/23 |
| Mylan | Otto | 02/23 |
| Roline | Schönfeldt | 02/23 |
| Lorraine | Gericke | 02/24 |
| Henriëtte | Ludik | 02/24 |
| Janse | Norval | 02/24 |
| Amanda | Stevens | 02/24 |
| Melan | Swart | 02/24 |






# Sondag 19 Februarie 2023

# Teks: 1 Kon.19:1-21 en Matteus 22:34.

# Tema: Vertrou al verstaan ek nie - dissipelskap uit genade

## Aswoensdag 2023 – 22 Februarie

Die naam Aswoensdag hou verband met die gebruik in baie kerke en gemeentes om ‘n kruis van as, gewoonlik ‘n mengsel van olyfolie en as, op die voorkoppe van erediens-gangers te maak.

Die naam Aswoensdag kom van die Bybelse gebruik om as op jou kop te strooi (Daniël 9:3). Die as is ‘n teken van rou en berou voor God (Job 42:3-7; Jeremia 6:26). Dit is ook ‘n geleentheid van klag vir die mense in ons samelewing wat nie geregtigheid ken nie.

Die as is dus ‘n **simbool van berou** oor ons **sonde** teen God en mekaar, ander en ons omgewing.

Aswoensdag vind 46 dae voor Opstandingsondag plaas en dui die begin van Lydingstyd aan.

Dit is ‘n dag van **skuldbelydenis, verootmoediging (nederig beskeie maak),** en ‘n oproep en ‘n onderneming tot **diens, groter Christelike dissipline en matigheid**.

Op die dag konfronteer ek myself weer opnuut met die vrae: “Wanneer is genoeg genoeg?”, en “Het ek dit regtig nodig?”Die askruis is ook ‘n **simbool van bekering** (Matteus 11:21; Lukas 10:13). Ons bekeer ons van ons verkeerde optredes en draai terug na God toe.

Die askruis is ook ‘n simbool van boetedoening en **aanmoediging om reg te maak** waar ek verkeerd gemaak het en terug te gee wat ek ander onregmatig ontneem het.

Kom beleef saam die stilword voor God hierdie Woensdag (46 dae voor Paasfees).

**Almal is welkom** (hoe dit gaan werk)

Ons gaan ‘n meditatiewe gebedsgeleentheid hou waar daar tekste op die skerm in die kerk gaan wees wat elkeen self lees wanneer jy kerk toe kom – daar is nie ‘n “preek” gedeelte nie. Jy kan dan stilword in die kerkgebou en met God praat.

Agtergrond musiek word gespeel en as jy klaar is kan jy voor die kansel ‘n kers aansteek as simbool van Jesus se lig wat skyn en niemand kan dit uitdoof nie.

Op Aswoensdag is die kerkgebou oop van vanaf 7:00 tot 15:00. Die skerm is aan van 7:00-8:00 en van 12:00-14:00. Jy is welkom om enige tyd deur die oggend te kom bid en tyd by God te spandeer en jou kersie te kom aansteek. Maak nou die afspraak met jouself en woon die geleentheid by.

## SO HOU ONS KONTAK!

**Kerkkantoor**: 028 212 1202
ngkcaledon@twk.co.za

**Kantoor** Whatsapp-nommer:
072 807 3192

**Ds. Dewald du Toit**:
028 212 1332 |082 940 4901
dutoitdewald@yahoo.com

**Ds. Willem Lubbe:**
082 718 7298
willemlubbe@hotmail.com

Snap here to pay
SnapScan

**Webblad:** ngcaledon.co.za

**Facebook**: NG Kerk Caledon Moedergemeente

**Bankbesonderhede:** N.G. Kerk Caledon,
NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229
Takkode: 183509




